SIZA Nuus

Volume 2, Uitgawe 6
Julie 2017

INHOUD:

SIZA Etiese Vergelyking	1	Beste Praktyke: Brandveiligheid	3
SIZA en die Omgewing	2	Tydelike Werkverskaffingsdienste	3
Aanvaarding deur Walmart	2		

SIZA ETIESE VERGELYKING / METING TEENOOR ANDER STANDAARDE

SIZA het onlangs 'n aantal vergelykende metingsprosesse gevolg om te verseker dat die standaarde relevant bly, beide plaaslik en oorsee. Sommige standaarde wat as maatstaf gebruik is, sluit die GSCP verwysingskode, GRASP, Walmart en SMETA 6.0 (Sedex) in. SIZA het ook vroeër vanjaar die SIZA Standaard V5.0 vrygestel wat tesame met bogenoemde gelei het na **'n opgedateerde etiese selfbeoordelingsvraelys (SAQ) op die Platform** (*SIZA Social SAQ*) met 'n paar nuwe afdelings en vrae.

Vanaf 13 Julie 2017 moet alle nuwe lede en bestaande lede wat hulle lidmaatskap hernu, die 2017 weergawe van die SIZA etiese SAQ voltooi.

Let wel: Indien u die vorige SAQ kopieër, sal u steeds die 'nuwe' vrae moet beantwoord. Maak dus seker dat u die SAQ deeglik deurwerk voordat u dit indien vir goedkeuring. SAQ's wat voor 13 Julie ingedien is, bly onveranderd tot en met u volgende jaarlikse hernuwing.

SIZA vs SMETA 6.0

SMETA 6.0 is onlangs vrygestel en soos ons gesien het met ons vergelykende metingsproses, beklemtoon etiese handelsvereistes tans die impak van handel op die mens (bv. menseregte, moderne slawerny, ens.). Dit kan lei na aanvullende kontrolepunte in die SIZA standaard en outditlyste in die toekoms.

Dit is uiters belangrik dat die SIZA program relevant bly, nie net t.o.v. Suid-Afrikaanse wetlike vereistes nie, maar ook internasionaal. Dit het oor die afgelope maande goeie vrugte afgewerp deurdat vooraanstaande handelsmerke soos Walmart, Kaufland en GLOBALG.A.P hul ondersteuning vir en erkenning van die SIZA program en derdeparty outditproses bevestig het.

Indien u enige vrae het of hulp benodig met die "nuwe" sosiale SAQ, kan u gerus die SIZA kantoor kontak (info@siza.co.za / 086 1111 568).

SIZA EN DIE OMGEWING

SIZA het oor die afgelope drie jaar die Omgewingsassesseringsprogram in samewerking met WWF, ontwikkel. Dit het onlangs onder ons aandag gekom (via heelwat Suid-Afrikaanse produsente, pakhuise en uitvoerders) dat die EU en VK markte nou nuwe eise begin stel vir die nakoming van omgewingsvereistes. Die VK mark vereis dat die nuwe SAQ op Sedex of via SAI FSA, voltooi moet word. Aan die EU kant het groothandelaars versoek dat avokadoprodusente 'n volle oudit t.o.v. die *Rainforest Alliance Standard* voor die nuwe seisoen in 2018 moet onder gaan.

SIZA neem hierdie uitgebreide markvereistes en die toenemende druk op produsente t.o.v. omgewingstoestande in aanmerking en in samewerking met WWF SA het ons 'n omvattende omgewingstandaard ontwikkel wat gemeet is teen 'n aantal prominente internasionale omgewingstandaarde om te verseker dat die SIZA standaard wyd aanvaarbaar sal wees. Plaaslike omgewingskwessies is ook terselfdertyd in ag geneem.

SIZA ag dit belangrik dat die Omgewing SAQ gedetailleerd en omvattend moet wees sodat dit teenoor soortgelyke internasionale standaarde n goeie vergelyking kan wees om sodoende die nodige erkenning te kan verkry. Dit sluit aan by SIZA se missie om enige vorm van duplikasie in die ouditproses te vermy deur erkenning oor standaarde heen te verseker.

'n Bykomende SAQ wat op die SIZA omgewingstandaard gebaseer is, sal vanaf middel Augustus 2017 op die SIZA Platform beskikbaar wees. Dit sal SIZA instaat stel om die SAQ op Sedex namens lede te voltooi. SIZA sal ook voortgaan met verdere ontwikkeling om 'n volledige SIZA omgewingsmodule binne die volgende jaar op die Platform te vestig. SIZA beoog om die nuwe ontwikkeling teen 1 April 2018 bekend te stel. Indien lede dan op die SIZA Platform inteken, sal hulle 'n keuse hê om die SIZA Etiese SAQ of beide die Etiese en Omgewings SAQ te voltooi.

AANVAARDING DEUR WALMART

Walmart het aangedui dat verskaffers wie se huidige ouditperiode binnekort verstryk, 'n geldige derdeparty ouditverslag vir hulle fasiliteite kan voorsien. SIZA, die *Sustainability Initiative of South Africa*, se program is tans een van diés wat deur Walmart vir 'n toetsperiode van 1 jaar, aanvaar is. Gedurende hierdie tyd sal Walmart die program volledig nasien en deurgaan met die oog op finale aanvaarding deur die loop van die jaar.

Vir meer inligting oor hierdie nuwe aanslag, verwys gerus na

https://content.interactiveservices.com/RSAPortal/CoursesData/Responsible_Sourcing/

GIDS TOT DIE WET EN BESTE PRAKTYK VIR BRANDVEILIGHEID OP PLASE IN SUID-AFRIKA

SIZA het 'n Gids tot die Wet en Beste Praktyk vir Brandveiligheid op plase in Suid-Afrika, ontwikkel. Die beste praktyk riglyn spruit uit die toenemende aandag op en persepsie van verhoogde brandrisiko op plase, asook die onlangse veldbrande wat wydverspreide verwoesting oor dele van Suid-Afrika gesaai het. Dit is 'n opsomming van wetlike vereistes oor brandvoorkoming en noodprosedures.

Let wel: Die dokument verskaf riglyne oor hoërisiko-areas op plase en is nie 'n plaasvervanger vir enige wetlike vereistes of aanbevelings van plaaslike regeringsdepartemente nie.

Besoek gerus die SIZA webtuiste (www.siza.co.za) of druk op die skakel om die dokument te bekom.

https://siza.co.za/wp-content/uploads/2017/07/Fire-Safety-Guide-May-2017finalafrikaans.pdf

TYDELIKE WERKVERSKAFFINGSDIENSTE

SIZA wil graag alle rolspelers ondersteun om ingeligte besluite rakende Tydelike Werkverskaffingsdienste te neem. In die lig van 'n aantal pogings om Tydelike Werkverskaffingsdienste (*labour brokers*) te beperk, wil ons dus 'n paar feite onder u aandag bring.

Kies asb. die skakel hier onder om die inligtingstuk, wat SIZA in samewerking met WIETA en ander rolspelers, opgestel het vir produsente, te bekom.

https://siza.co.za/document-library/labour-service-providers/

Vir hulp of navrae oor die SIZA Program:

SIZA hulplyn: Logan Terhoeven, 086 1111 568
E-pos: info@siza.co.za